NG KERK
KUILSRIVIER-DE EIKE

AANKONDIGINGE EN GEMEENTENUUS

SONDAG 16 FEBRUARIE 2025

SESDE SONDAG VAN EPIFANIE

GEMEENTE DAGBOEK

GEBEDSONDERWERP VIR DIE WEEK

Gemeentes wat onder finansiële druk gebuk gaan

LEESROOSTERTEKSTE VIR DIE WEEK

Psalm 37:1-11, 39-40; Genesis 45:3-11, 39-40; 1 Korintiërs 15:35-38, 42-50; Lukas 6:27-38

SONDAG, 16 FEBRUARIE
09:00 Oggenddiens: Jeugdiens Kleuter- en Kinderkerk Deuroffer ten bate van: Gemeente-Ondersteuningsfonds Erediensspan 4 – Robert Rootman **Na afloop van die oggenddiens** • Senior Kategese • Gemeentetee in die saal
MAANDAG, 17 FEBRUARIE
18:00 Kooroefening 19:00 Sportmanne Bybelstudie in konsistorie 19:00 Vroue Bybelstudie
DINSDAG, 18 FEBRUARIE
09:30 Senior Burger Bybelstudie 19:00 Basaarkonvenorvergadering in konsistorie
WOENSDAG, 19 FEBRUARIE
09:30 Vroue Bybelstudie
DONDERDAG, 20 FEBRUARIE
Sopbeurte: Othello – Sarie de Milander

VRYDAG, 21 FEBRUARIE
SATERDAG, 22 FEBRUARIE
SONDAG, 23 FEBRUARIE
SEWENDE SONDAG VAN EPIFANIE POSDAG GETUIENISSONDAG DANKBAARHEIDSONDAG 09:00 Oggenddiens Kleuter- en Kinderkerk Deuroffer ten bate van: Missie Japan Erediensspan 1 – Lorraine Louw **Na afloop van die oggenddiens** • Senior Kategese • Gemeentetee in die saal

GEMEENTENUUS

1. Die volgende lidmaatskap is ontvang:
   Petro Marais vanaf Stellenberg
2. Johnny Wassüng (Othello) se operasie het goed afgeloop en sterk tans tuis aan.
3. Nerine Burger (Othello) se operasie het ook goed afgeloop.
4. Eric Brand (Othello) het weer 'n draai in die hospitaal gemaak en sterk tuis aan.
5. Ronelle Engelbrecht (Pionier Park) het slegte nuus met betrekking tot haar gesondheid ontvang.

VERJAARSDAE VIR DIE WEEK

16/02 Freddie van Dorp, Marihana Matthee, Paul van der Merwe, Alet Wassüng, Jacomina Swart
17/02 Lynette Haynes, Albert Andrews, Carlo Esterhuyse, André Marais, Gerhardus Theron, Tilanie Wassung, Jacques Erasmus, Loedolf Smuts, Shaun van Zyl, Hanlo Engels
18/02 Stefanie Engelbrecht, Dewald Osborn
19/02 Marius Coetzee, Armand van Tonder, Giovanni Esau
20/02 Whileen Galvin(86), Elize Smith
21/02 Riaan Wassung, Mynhardt Kitshoff
22/02 Pauline Roelofse, Roux Rossouw, Jezelle Bester, Jean de Villiers

VANDAG SE SINODALE DEUROFFER

Gemeenteondersteuningsfonds

Die Gemeentehulpfonds verleen ondersteuning aan gemeentes wat finansiële probleme ondervind. Die fonds is bedoel om die geestelike bediening in stand te hou en nie vir kapitale werke of instandhouding van fisiese fasiliteite nie.

Die Saakgelastigde: 021 957 7104

KERKKOOR

KUILSRIVIER KERKKOOR NOOI NUWE LEDE OM AAN TE SLUIT.

Kooroefeninge is Maandae aande om 18:00 om die beurt by De Eike gemeente en Kuilsrivier Moedergemeente.

Vir verdere inligting kontak die orrelis/musiek koördineerder, Ilse Myburgh (0823461482).

NUUS UIT DIE FINANSIESKANTOOR

Ek gee graag terugvoer oor die afgelope 3 maande se syfers:

	November 2024	**Desember 2024**	**Januarie 2025**
Maandelikse dankoffers	192 807	178 697	167 131
Totale inkomste	402 140	292 643	226 719
Totale uitgawes	531 383	413 713	352 069
Surplus / (Tekort)	**(129 243)**	**(121 070)**	**(125 350)**

Uit bostaande syfers is dit baie duidelik dat ons normale maandelikse inkomste heelwat minder is as ons normale maandelikse uitgawes. Ons steun dus baie sterk op ons fondsinsamelings soos die Tiendemaand-dankoffers en die jaarlikse basaar om die wa deur die drif te trek. Dit beteken egter dat ons kontantvloei tans onder ernstige druk verkeer, tot ons basaar aan die einde van Mei.

In reaksie op ons noodoproep op die WhatsApp-groepe, het ons wel reeds addisionele dankofferbydraes van net meer as R30 000 ontvang gedurende die afgelope 2 weke, asook heelwat versoeke dat maandelikse debietorderbedrae verhoog moet word. Ons sê baie dankie vir julle flinke reaksie en ons sal julle op hoogte hou van hoe hierdie addisionele bydraes groei.

Groete tot volgende maand,
Elmari Schwenke-van der Walt

ROUSMART SEMINAAR

HOE HANTEER EK ROUSMART WANNEER 'N GELIEFDE AFSTERF?

Hierdie is 'n ondersteuningsprogram wat gereedskap voorsien waarmee rousmart hanteer kan word. Die Rousmart-program bemagtig mense op hulle pad van genesing en hoop. Die program bestaan uit drie elemente: video's oor verskillende onderwerpe met betrekking tot rou, gefasiliteerde groepbesprekings, en toepassing deur die deelnemers in hulle individuele werkboeke.

Voorbeelde van temas wat hanteer word is o.a. die uitdagings van rou, hoe om te vra vir hulp en dit te aanvaar, skuldgevoelens en woede, vergifnis asook die terugkeer na 'n normale lewe.

Die program word aangebied deur twee opgeleide fasiliteerders/beraders naamlik Yngvild Steytler en Diana Kruger.

Datum: Vanaf Maandag 24 Februarie 2025 vir 13 weke elke Maandagmiddag.

Tyd: 16:30-18:30

Plek: De Eike se konsistorie.

Kostes: R300.00 vir die werkboek

Daar is slegs 12 plekke op die program beskikbaar.

Kontak vir Yngvild Steytler by 082 448 5974 sodat jy vroegtydig jou plek bespreek.

KOMMISSIE VOORSITTERS - BEGROTING

Ons herinner al die kommissie voorsitters dat jul kommissies se finale begrotings (indien dit verander van wat laasjaar ingedien is) teen Donderdag 20 Februarie 2025 by die kerkkantoor ingelewer moet word.

DE EIKE GHOLFDAG

15 Maart 2025
Jan Krielskool se baan
Sluit 'n ete in
6-bal @ R275 per kop

Kontak Hennie Rootman by 082 444 4046 of
die kerkkantoor as jy wil inskryf.

Ons kort ook nog donasies om te help om onkoste te dek.
As jy kan help of dalk net wil bydra tot die sukses, kan jy EFT in die kerk se rekening, gebruik asb die verwysing **" Jou naam en Gholfdag"**

Spring sommer gou en skryf in of help met 'n bydrae.
Saam maak ons die dag 'n reuse sukses!!

UITSTALLING IN LITURGIESE RUIMTE

Uitstallings word volgens die Liturgiese Kerkjaar gedoen. Hierdie kerklike kalender vorm die raamwerk waarvolgens ons kerkfeeste vier en dit omsluit die seisoene van ons kerkjaar, asook simboliek en kleurkodes.

Tans is ons nog in die seisoen van Epifanie (groen).
Verheerlikingsondag (wit) op 2 Maart 2025 is die oorgang van Epifanie na Lydenstyd (pers, rooi). Op Verheerlikingsondag herdenk ons Jesus se verheerliking op die berg. Sien Mattheus 17: 1 – 9, Markus 9: 2 – 8, Lukas 9: 28 – 36.

('n Opsomming van die Liturgiese Kerkjaar het in DIE AKKER van 12 Julie 2024 verskyn en is op die webtuiste van De Eike beskikbaar).

PREEKSKETS

TEMA – JY IS SPESIAAL – JY IS MYNE – DIE HEEL BESTE SAARTJIE EN BABBELS SE STORIES

Prediker: Ds Chris Barnardo

Skriflesing: Lukas 6 vers 31 en Fil. 1 vers 20

Luk. 6:31 Behandel ander mense soos julle self behandel wil word.

Fil. 1:20....dat ek niks sal doen waaroor ek my sal hoef te skaam nie.